# DIE LORETO-LITANIE

| | |
|---|---|
| Here, ontferm U oor ons. | *Here, ontferm U oor ons.* |
| Christus, ontferm U oor ons. | *Christus, ontferm U oor ons.* |
| Here, ontferm U oor ons. | *Here, ontferm U oor ons.* |
| | |
| Christus, hoor ons. | *Christus, hoor ons.* |
| Christus, verhoor ons. | *Christus, verhoor ons.* |
| | |
| God, hemelse Vader, | *ontferm U oor ons.* |
| God, Seun, Verlosser van die wêreld, | *ontferm U oor ons.* |
| God, Heilige Gees, | *ontferm U oor ons.* |
| Heilige Drie-eenheid, één God, | *ontferm U oor ons.* |
| | |
| Heilige Maria, | *bid vir ons.* |
| Heilige Moeder van God, | *bid vir ons.* |
| Heilige Maagd bo alle maagde, | *bid vir ons.* |
| | |
| Moeder van Christus, | *bid vir ons.* |
| Moeder van die Kerk, | *bid vir ons.* |
| Moeder van die Goddelike Genade, | *bid vir ons.* |
| Allerreinste Moeder, | *bid vir ons.* |
| Kuise Moeder, | *bid vir ons.* |
| Maagdelike Moeder, | *bid vir ons.* |
| Onbevlekte Moeder, | *bid vir ons.* |
| Beminlike Moeder, | *bid vir ons.* |
| Bewonderenswaardige Moeder, | *bid vir ons.* |
| Moeder van goeie raad, | *bid vir ons.* |
| Moeder van die Skepper, | *bid vir ons.* |
| Moeder van die Saligmaker, | *bid vir ons.* |



Die Loreto-Litanie © AfrikaansKatoliek & Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks

Allerversigtigste Maagd, *bid vir ons.*
Lofwaardige Maagd, *bid vir ons.*
Magtige Maagd, *bid vir ons.*
Goedertierene Maagd, *bid vir ons.*
Getroue Maagd, *bid vir ons.*

Spieël van Geregtigheid, *bid vir ons.*
Setel van Wysheid, *bid vir ons.*
Oorsaak van ons blydskap, *bid vir ons.*
Geestelike vaat, *bid vir ons.*
Eerwaardige vaat, *bid vir ons.*
Heerlike vaat van godsvrug, *bid vir ons.*
Mistieke Roos, *bid vir ons.*
Toring van Dawid, *bid vir ons.*
Ivoortoring, *bid vir ons.*
Goue Huis, *bid vir ons.* 
Verbondsark, *bid vir ons.*
Poort van die Hemel, *bid vir ons.*
Môrester, *bid vir ons.*

Heil van die siekes, *bid vir ons.*
Toevlug van sondaars, *bid vir ons.*
Troosteres van die bedroefdes, *bid vir ons.*
Hulp van die Christene, *bid vir ons.*

Koningin van die engele, *bid vir ons.*
Koningin van die aartsvaders, *bid vir ons.*
Koningin van die profete, bid vir ons.
Koningin van die apostels, *bid vir ons.*
Koningin van die martelare, *bid vir ons.*
Koningin van die belyers, *bid vir ons.*

Koningin van die maagde, *bid vir ons.*
Koningin van alle heiliges, *bid vir ons.*
Koningin sonder erfsmet ontvang, *bid vir ons.*
Koningin in die hemel opgeneem, *bid vir ons.*
Koningin van die Heilige Rosekrans, *bid vir ons.*
Koningin van die gesin, *bid vir ons.*
Koningin van vrede, *bid vir ons.*

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,
*spaar ons Here.*
Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem,
*verhoor ons Here.*
Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem,
*ontferm U oor ons Here.*

Bid vir ons, Heilige Moeder van God, ❸
*dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.*

Laat ons bid: Here God, gee dat ons, u dienaars, ons mag verheug in gesondheid van siel en liggaam; mag ons deur die verhewe voorspraak van die heilige Maria, wat altyd maagd gebly het, verlos word van die teenwoordige droefheid om so die ewige vreugde te kan geniet. Deur Christus, onse Here. Amen.